

Woensdag 21 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:8-19

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:13

Die vaste geloof van 'n vreemdeling op aarde

Abraham en Sara is bekende figure uit die Ou Testament, maar hulle geloof dien tot 'n besondere versterking vir die kerk van die Nuwe Testament. Die Here het hom uit sy ouerhuis uitgeroep met die belofte dat Hy 'n groot nageslag sal ontvang en 'n land om in te woon. Tog is dit besonders dat Abraham nooit 'n stukkie grond in Kanaän gekoop het nie, behalwe die grafte by Magpela. Hy het gesterwe sonder om self die land van die belofte in te neem, maar hulle het dit in die verte gesien en geglo en begroet.

In die eerste vers van Hebreërs 11 word die definisie van geloof gestel as die vaste vertroue op die dinge wat ons hoop en die bewys van die dinge wat ons nie sien nie. Abraham het die beloftes van die verbond in die verte gesien en geglo. Hy het 'n uitsig gehad op die vervulling van die beloftes van 'n nageslag en 'n nuwe beloofde land wat in Christus sal realiseer. As vreemdeling en pelgrim op hierdie aarde het hy in die verte gesien en geglo dat 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde die vervulling van al God se beloftes is.

'n Volksdigter verwoord ons vreemdelingskap op hierdie aarde en in hierdie wêreld met die woorde: “die wêreld is ons woning nie.” Ons voel dik-wels vreemd in 'n wêreld waar morele verval, korrupsie en misdaad hoogty vier, maar deur die geloof kan ons weet dat ons in die verte kan sien en glo en begroet dat 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde ons deel sal wees.

Terwyl ons hierdie hoop het, kan ons nou in dankbare, gehoorsame diensbaarheid leef om God se Naam te verheerlik. So sal die regverdige hier en in die ewigheid deur die geloof lewe.

Sing: Psalm 105:1, 7 (1936)

Ds. Christiaan Jooste (Waterberg)